BERGKAREE

GROEI IN GELOOF, LEER IN LIEFDE



ONS SKOOL

Ons Missie:
By ons skool is ons daartoe verbind om 'n koesterende omgewing te bied waar elke leerder bemagtig word om op hul eie pas vordering te maak. Ons doel is om veerkragtige, self gemotiveerde individue met sterk waardes te ontwikkel wat in staat is om lewenslange leerders te word wat hul persoonlike en akademiese doelwitte kan stel en bereik.

Ons Visie:
Ons visie is om 'n omgewing te skep waar leerders hul volle akademiese potensiaal kan bereik en kan ontwikkel in veerkragtige, selfgedrewe individue, gegrond in Christelike waardes.

Ons Pilare

1



Moedertaal -onderrig

Ons glo kinders leer die beste wanneer hulle in hul moedertaal dink, verstaan en groei.

2



Omgewing as derde onderwyser

Ons leer gaan verder as boeke ons neem leerders buite die klaskamer om die wêreld te ontdek, probleme op te los en werklik te ervaar.

3



Christelike waardes

Ons skool is gegrond op Christelike beginsels en die vrug van die Gees, wat rigting gee aan ons karakter en ons gemeenskap.

4



Elke leerder is uniek

Ons sien die individu raak. Met professionele ondersteuning en individuele leerplanne help ons elke leerder om homself te verstaan en optimaal te leer



HOEKOM IS DIE KEUSE VAN BERGKARREE DIE REGTE KEUSE

Christelike Waardes

Ons Christelike geloof rig elke aspek van ons dag, omdat Hy die kern van ons menswees is; daarom beïnvloed dit alles wat ons doen. Ons verwelkom alle Christelike geloofsoortuigings, maar fokus spesifiek daarop om soos Jesus te leef en sy waardes en liefde in mense te sien en uit te leef.

Leerder gesentreerde onderrig

Ons sal 'n maksimum van 12 leerders per klas hê. Onderwysers werk in klein roterende groepies met leerders, afhangende van hul vaardigheidsvlak en individuele behoeftes.
Ons maak gebruik van dinamiese groepe wat volgens kinders se vermoë en voorafkennis verdeel word om seker te maak dat hulle nie net op hulle vlak bereik word nie, maar ook voldoende gestimuleer en uitgedaag word sodat hulle hulle potensiaal kan ontwikkel en bereik. Daardeur verseker ons ook individuele aandag van die onderwyser om sodoende attent te wees vir die behoeftes en belangstellings van die leerder.

Self-gerigte leer en doelwitstelling

In teenstelling met die tradisionele skoolstelsel waar onderwysers doelwitte stel, stel ons leerders in staat om hul eie haalbare leer mylpale te stel, wat hul vermoë om groter doelwitte te beplan en te bereik, verbeter. Hierdie vaardigheid stel hulle in staat om suksesvol na hoër- en tersiêre studies oor te skakel en produktiewe lede van die samelewing te word.

Betrokke ouer-onderwyser-vennootskap

Ons glo in oop kommunikasie- kanale en samewerking met ouers. Ons handhaaf gereelde kontak deur middel van nuusbriewe, vergaderings en geleenthede soos 'n middaguur-aktiwiteit en -skakelsessie tussen ouers, kinders en onderwysers om ouers ingelig en betrokke te hou by hul kind se ontwikkeling.

Die ontwikkeling en stimulering van kritiese denke, nuuskierigheid en leergierigheid

Ons doelwit is om kinders se natuurlike leergierigheid te koester en verder te stimuleer.

Tesame met ’n leerder-gesentreerde benadering is die doelwit om seker te maak dat ons leerders weet wie hulle is en hoe hulle wil lewe en dat hulle nuuskierigheid, kreatiwiteit en belangstelling in leer lewendig bly deurdat hulle individuele aandag kry en 'n stem in 'n veilige, stimulerende leeromgewing sal hê.

Verder staan die ontwikkeling van kritiese denke sentraal en word hulle aangemoedig om te vra: Hoekom?

Ons fokus ook op die bemeestering van mensgerigte vaardighede wat nie deur masjiene vervang kan word nie.



ONDERRIGMODEL

REGGIO EMELIA GEÏNSPIREERDE BENADERING

In die Grondslagfase gaan ons 'n Reggio Emilia- geïnspireerde benadering tot onderrig gebruik. Die benadering is gebaseer op die verstaan dat kinders na ons klaskamer kom met ‘n indrukwekkende potensiaal wat ontgin moet word.

Die Reggio Emilia-benadering fokus op 'n holistiese en leerdergesentreerde benadering tot onderwys. Dit beklemtoon die belangrikheid van 'n ryk en stimulerende omgewing, waar kinders aktief betrokke is by hul eie leerproses.

Die sleutelkenmerke van hierdie benadering wat ons onderskryf sluit in:

1. Leerdergesentreerde Leer: Kinders se belange en vraagstukke lei die leerproses. Onderwysers observeer en verstaan kinders se behoeftes en belangstellings en rig die kurrikulum in daarvolgens.
2. Dokumentasie: Deurlopende dokumentasie van kinders se werk en vordering, wat dan gebruik word om hul ontwikkeling te monitor en te beplan.
3. Samewerking en Gemeenskapsbande: Samewerking tussen kinders, onderwysers en ouers is belangrik. Gemeenskaplike projekte en aktiwiteite bevorder sosiale vaardighede.
4. Omgewing as 'n Derde Onderwyser: Die fisiese omgewing speel 'n sleutelrol. Ruimtes word ontwerp om kreatiewe verkenning en leer te ondersteun. Ons gaan op gereelde uitstappies wat aansluit by die leerplanne of leerders se belangstellings.



OPVOEDERS IN JOU KIND SE LEERRUIMTE













Leerfasiliteerder

Leerfasiliteerder: Sy het haar eie klas met 12 leerders. Die Fasiliteerder roteer tussen leerders en maak seker dat hulle hul werk en aktiwiteite volledig en korrek voltooi. Sy is verantwoordelik vir die bestuur van die klaskamer, asook vir die sosiale en emosionele ondersteuning van die leerders. Sy staan ook bekend as die “klaskamermamma”.



Onderwyseres

Die onderwyseres: Sy is verantwoordelik vir ’n maksimum van 30 leerders. Sy roteer tussen die klasse en bied lesse aan in klein groepies van 5 leerders. Sy hanteer die akademiese ontwikkeling van die leerders deur lesse te beplan en werkkaarte en aktiwiteite op te stel wat hulle saam met die klasfasiliteerder voltooi.



Opvoedkundige sieklundige

Die opvoedkundige sielkundige is daar om onderwysers, fasiliteerders en leerders te ondersteun en te begelei. Elke leerder ondergaan ’n siftingsproses waartydens die sielkundige die leerder se unieke breinprofiel identifiseer. Sy bepaal ook hoe goed die liggaam en brein saamwerk.
Op grond van hierdie inligting stel sy ’n individuele leerplan vir elke leerder op. Dit help om te verseker dat die leerder sy of haar volle potensiaal kan bereik en ook die vaardighede ontwikkel om hulself effektief te reguleer.

KURRIKULUM
KABV (CAPS)

IWie is Die MOS Inisiatief?
Die MOS Inisiatief (Moedertaal in Onafhanklike Skole) is ’n privaat onderwysorganisasie wat in 2019 gestig is. Hulle bou ’n netwerk van onafhanklike Afrikaanse skole regoor Suid-Afrika met die doel om hoë gehalte, bekostigbare en toekomsgerigte moedertaalonderrig te bied. Hulle fokus daarop om leerders te ontwikkel tot lewenslange leerders wat gereed is vir ’n vinnig veranderende wêreld.
Hulle onderrig- en leerproses
MOS volg ’n innoverende en leerdergesentreerde benadering waar:

- Onderwys in die leerder se moedertaal (Afrikaans) plaasvind.
- Die fokus is op kritiese denke, kreatiwiteit en digitale vaardighede.
- Leerders voorberei word vir die toekoms en werkswêreld.
- ’n Liefde vir leer ontwikkel word sodat leerders lewenslange leerders word.

Die leeromgewing is inklusief, ondersteunend en gerig op elke leerder se volle potensiaal, met sterk waardes soos Ubuntu, innovasie en persoonlike groei.
Geleenthede vir tersiêre studies
MOS-skole gebruik erkende akademiese standaarde en fokus op vaardighede wat leerders help om:

- Suksesvol aan tersiêre instellings toegelaat te word
- Gereed te wees vir verdere studies en loopbane
- Met selfvertroue die toekoms te betree

Hulle stelsel is spesifiek ontwerp om leerders universiteitsgereed te maak.
Graad 12 en erkenning
MOS-hoërskole volg die IEB-kurrikulum (Independent Examinations Board), wat:

- ’n internasionaal erkende matrieksertifikaat bied
- Toegang gee tot universiteite en tersiêre instellings
- ’n hoë akademiese standaard handhaaf

Hierdie kwalifikasie verseker dat leerders se matriek wyd erken en aanvaar word

DIE KLASKAMER RUIMTES

DIE OMGEWING AS DERDE ONDERWYSER

- Bied ryk sensoriese ervarings
- Ondersteun elke kind se unieke behoeftes en voorkeure
- Moedig samewerking en ondersoek aan deur kwaliteit bronne en -materiaal te verskaf wat jong kinders in staat stel om te verken, ontdek en probleme op te los.
- Ondersteun die ontwikkeling van noodsaaklike vaardighede soos groot- en fynmotoriese vaardighede, sowel as numeriese, taal- en kommunikasievaardighede
- Ondersteun 'n kind se gevoel van waarde, behoort, veiligheid, sekuriteit en bevoegdheid deur die ten tentoonstelling van hulle werk.





ONDERSTEUNING VIR LEERDERS MET LEERUITDAGINGS

Steeds meer kinders in hoofstroomskole word gediagnoseer met leeruitdagings soos ADHD en spesifieke leersteurnisse in lees, skryf of wiskunde. Ons glo dat elke kind 'n leeromgewing verdien waar hulle **verstaan, ondersteun** en die kans gegee word om **sukses te behaal**.



By ons ondersteun ons leerders wat neurodiversiteit verwant is, insluitend **Aandagafleibaarheid, Spesifieke Leersteurnisse en Kommunikasiesteurnisse**.

Ons pas ons onderrig doelbewus en prakties aan om aan die uiteenlopende behoeftes van ons leerders te voldoen. Dit sluit in:

- lesbeplanning wat die kurrikulum volg, maar ook voorsiening maak vir individuele ondersteuning
- ekstra tyd vir lees en skryf
- visuele roosters en stap-vir-stap instruksies
- konkrete leermiddels soos blokkies, tellers en ander hands-on hulpmiddels
- addisionele remediërende ondersteuning waar nodig

Ons doel is om 'n **veilige, gestruktureerde en koesterende leeromgewing** te skep waar alle kinders—ook dié met leeruitdagings—op hul eie tempo kan groei, waardeer voel en hul volle potensiaal kan bereik.



SKOOL PRYSE

Skoolfooie 2027		
	Maandelikse Fooi (Januarie tot Desember)	**Jaarlikse Totaal**
Graad R	N$ 4,000	N$ 48,000
Gr. 1-3 Hoofstroom klas	N$ 4,500	N$ 54,000
Gr. 4-7 Hoofstroom klas	N$ 5,500	N$ 66,000
Gr. 1-3 Mikroklas	N$ 8,500	N$ 102,000
Gr. 4 -7 Mikroklas	N$ 8,500	N$ 102,000

- **10%** Afslag sal gegee word op die tweede kind se skoolfonds en 20% per kind meer as twee.
- ***5% Afslag*** *indien volle jaar se betaling gemaak word voor 31 January 2026*
- ***8%*** *Jaarlikse verhoging*

Registrasiefooi 2027 Eenmalig by inskrywing	
Graad R	N$ 4,000
Graad 1 tot 3	N$ 4,500
Graad 4 tot 7 en Mikroklas	N$ 5,500

Ander Pryse 2027	
Jaarlikse skryfbehoeftes	N$ 800
Skoolhemde	N$ 250

Additionele Kostes 2027	
Boeke & Leerhulpmiddels (Hang af van die graad)	N$ 1,000 to N$ 1,500
Toerusting en Kuns/Wetenskap materiaal	Ingesluit in Skoolfooie
Skoolhemp	N$ 250

Belangrik om te weet

Geen kind sal oorweeg word vir die volgende jaar indien skoolfonds nie tenvolle vir die vorige jaar betaal is nie.

Indien u met verlof gaan of vrywillig u kind uit die skool hou is die skoolgelde steeds betaalbaar vir die betrokke maand.

Een maand se skriftelike kennisgewing moet deur gegee word indien u kind die skool sou verlaat.

Indien u kind die skool vanaf Oktober verlaat, moet die volle fooie tot Desember betaal word. Skoolgeld is betaalbaar vir twaalf maande van die jaar en moet teen die 5de van elke maand betaal wees.

Ons het slegs 'n beperkte aantal plekke beskikbaar, daarom moedig ons ouers aan om hul aansoeke so gou as moontlik in te dien.

WORD DEEL

HOE OM AANTESLUIT

1

Voltooi die aansoekvorm en e-pos dit aan admin@bergkaree.com

2

Woon 'n gesinsonderhoud by om u kind se behoeftes te bespreek en hoe ons hulle kan ondersteun.

3

Afhangend van die graadvlak, sal u kind 'n assessering moet voltooi.

4

Sodra u kind tot die skool toegelaat is, sal u 'n inskrywingspakket ontvang met alle nodige vorms en inligting om u kind se registrasie af te handel.

BERGKAREE AKADEMIE

KONTAK ONS

+264 81 214 4399 | admin@bergkaree.com | www.bergkaree.com

V&A

VRAAG EN ANTWOORD

V: Watse buitemuurse aktiwiteite bied julle aan?

As buitemuurse aktiwiteite bied ons tans slegs die STEAM- en Gifted Minds-programme aan, veral terwyl ons skool nog klein is. Ons hoop om 'n klein-skole-sportprogram te begin, waar alle klein skole saamspan om in verskillende sportsoorte mee te doen.

V: Hoe hanteer julle gedragsprobleme?

Gedragsprobleme het gewoonlik 'n oorsaak. Wanneer ons gedragsprobleme aanspreek, sal ons eers die oorsaak daarvan identifiseer en die leerder help om hulle emosies op 'n sosiaal aanvaarbare manier uit te druk en die probleem op 'n konstruktiewe manier op te los. Met die hulp van die ouer en ander kundiges in die veld, sal ons die meeste gedragsprobleme op 'n konstruktiewe manier kan oplos. Dit is vir ons baie belangrik dat ouers ons pogings as onderwysers ten volle ondersteun in hierdie proses.

V: Hoe word ouers betrek by hulle kinders se opvoeding?

Daar sal van ouers (ouerpaar of ten minste een ouer) verwag word om eenmaal per maand 'n middaguursessie saam met die kind by die skool by te woon. Gedurende hierdie uur sal die ouer saam met sy kind 'n aktiwiteit doen wat by die week se werk inskakel. Ouers sal leiding ontvang in hoe om hulle kinders se leër tuis te ondersteun en probleemareas en areas waarin die kind uitblink sal deur die onderwyser onder die ouer se aandag gebring word. Die produk van die ouer-kind-ktiwiteit sal saam met die kind se werk in die klaskamer uitgestal word as herinnering aan daardie individuele kontaktyd. Ouers sal ook geleentheid hê om die dokumentasie van die kinders se werk wat in uitgestal word te sien en met hulle kinders daaroor in gesprek te tree.

V: Hoe lank en gereeld is pouse?

Ons maak gebruik van die Finse model, wat 15 minute se breek na elke 45 minute se les behels. Gedurende die rotasie kry leerders 'n 15 minute breek, waarin hulle kan kies om te lees in die leeshoekie, op die mat te speel met open-ended speelgoed, of selfs iets kunstig te doen in die ateljee. Hierdie benadering is gebaseer op die idee dat die omgewing die derde onderwyser is, en dat die aktiwiteite wat die leerders aanpak selfgerig is. Daarbenewens is daar steeds 'n 45 minute buitespeeltyd.

V: Het u kind enige elektroniese toerusting nodig?

Skootrekenaarvereiste (vanaf Graad 4):

Vanaf Graad 4 het leerders ’n tablet nodig, om die aanlyn lesse gemaklik te kan volg. Die toestel moet oor ’n stabiele internetverbinding, asook ’n kamera, oorfone en mikrofoon beskik vir aanlyn interaksie.